

Sondag 17 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 8:6-13

Fokusgedeelte: Hebreërs 8:6

Christus is beter, want Hy is genoeg

As mense is ons altyd op soek na beter. Dit is ons dryfkrag in hierdie wêreld. Ons wil uitstyg bo ons omstandighede, werk vir rykdom en sukses. Ons is op soek na beter omdat dit ons bevoordeel. Wanneer dit egter gaan oor die werk van Christus, gaan dit nie oor ons eie voordeel nie, maar ons redding. Daarom is die beter verbond in Christus vir ons beter, want dit is genoeg.

Met “beter” sê ons nie dat die ou verbond sleg was nie. Weens die gebrokenheid van die mens was die ou verbond nie voldoende nie. Die fout het gelê by die mens, omdat ons of die middelaar van die ou verbond nie die verbond kon nakom nie. Daar was dus ’n nood aan ’n beter verbond en hierdie verbond word juis in en deur Jesus Christus as Hoëpriester en Middelaar bedien.

Christus het vir ons die bedienaar van ’n nuwe verbond geword. Hy het die ou verbond volkome namens ons nagekom. Sy werk as Middelaar is volmaak en genoegsaam om ons vry te maak van die ou verbond.

Die verbond wat Hy nou bedien, is nuut en beter; daarom eis God nie meer offers van die bloed van diere nie. Hy eis gehoorsaamheid wat ons moet nakom deur die geloof wat die Heilige Gees in die harte van God se uitverkorenes opwek.

Ons sien uit na die koms van Christus sodat ons ook volkome deel kan hê in sy woonplek in die hemel. Dit word vir ons gewaarborg in Hebreërs 9:28: “So sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.”

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. PF Venter (Peter) (Vanderbijlpark Trinitas)